

DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE WEERMAG, 1994-2004(1): SLAGORDE EN TRANSFORMASIE

André Wessels¹

Summary

April 1994 saw the birth of a truly democratic new Republic of South Africa; it also meant the founding of the new South African National Defence Force (SANDF), consisting of members of the old South African Defence Force (SADF); the defence forces of the so-called independent states of the Transkei, Bophuthatswana, Venda and Ciskei; the military wings of the African National Congress (namely uMkhonto weSizwe) and the Pan-Africanist Congress (namely the Azanian People's Liberation Army), and the KwaZulu-Natal self-protection forces. In this study the track record of the SANDF in the course of the past ten years (1994 to 2004) is critically analysed in an effort to find answers to questions like How successful has the SANDF been in the first ten years of its existence? What problems had to be overcome, and to what extent have the challenges been met? How strong was the SADF/SANDF in 1994, and how strong is the SANDF today (2004)? In this, the first of two articles that deal with the history of the SANDF, 1994 to 2004, the SANDF's order of battle in 1994 is compared with the battle order in 2004. The transformation process is also analysed, with special reference to the integration of the seven pre-1994 defence forces and armed wings, as well as self-defence units.

1. INLEIDING

Die totstandkoming van 'n volwaardig demokratiese Republiek van Suid-Afrika (RSA) in April 1994 was die kulminasie van, eerstens, 'n dekades lange bevrydingstryd (wat buite die bestek van hierdie artikel val) en, tweedens, 'n onderhandelingsproses wat sowat vier jaar geduur het (1990-4; waarop ook nie in hierdie artikel verder ingegaan word nie). Na aanleiding van die verkiesing van April 1994 het die RSA 'n nuwe (en eerste swart meerderheids-) regering gekry, maar op die vooraand van die verkiesing is ook 'n nuwe vlag vir die eerste keer gehys (middernag, 26-27 April 1994)² en met verloop van tyd is 'n nuwe grondwet vir die land aanvaar (8 Mei 1996).³ Dit was dramatiese gebeure wat in die oog van die plaaslike en internasionale media plaasgevind het en gevolglik ook geweldig baie publisiteit geniet het.

¹ Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

² Kyk bv. A Wessels, "In search of acceptable national symbols for South Africa", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 19(2), September 1994, pp. 267-9.

³ **Die grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) (s.l., s.a.).**

Iets wat vir die veiligheid en voortbestaan van die nuwe RSA van ewe groot belang was en steeds is, maar wat nie soveel aandag getrek het nie, is die totstandkoming op 27 April 1994 van 'n nuwe Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW), wat die samesmelting (integrasie) van ten minste sewe weermagte of militêre organisasies was: die ou RSA se amptelike weermag, naamlik die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW); die weermagte van die sogenaamd onafhanklike state (voormalige tuislande), naamlik die Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei; en die militêre vleuels van die African National Congress (ANC) en die Pan-Africanist Congress (PAC), onderskeidelik bekend as uMkhonto weSizwe (MK) en die Azanian People's Liberation Army (APLA), asook sekere selfverdedigingseenhede in KwaZulu-Natal (KwaZulu-Natal Self-Protection Forces, KZNSPF).⁴

Die totstandkoming van die nuwe SANW as sodanig en die gebeure wat dit voorafgegaan het, val buite die bestek van hierdie studie. Uitgaande van die standpunt dat dit wel nodig en wenslik was dat bogenoemde weermagte in 1994 moes amalgameer tot die SANW, word in hierdie studie gefokus op die nuwe SANW se baanrekord in die loop van die afgelope tien jaar, 1994 tot 2004; dit wil sê die eerste tien jaar van ware demokrasie in die RSA. In die eerste van die twee artikels waaruit die studie bestaan, word die SANW se slagorde geëvalueer. Hoe sterk was die SAW/SANW in 1994, en hoe sterk is die SANW vandag (2004)? Verder word in die eerste artikel in besonder op die voortgaande transformasieproses in die SANW gefokus, met spesiale verwysing na die integrasieproses en sogenaamde regstellende aksie. Ander kwessies sal in die opvolgartikel bespreek word.

2. DIE SLAGORDE: HOE STERK WAS EN IS DIE SANW?

Op 27 April 1994 het die SANW by benadering oor die volgende personeel en toerusting beskik:⁵

- **Die Suid-Afrikaanse Leër (SA Leër)** het ongeveer 47 000 soldate gehad (18 000 staandemagdele bestaande uit 12 000 blanke mans, 4000 swart en bruin mans, 2000 vroue; 29 000 blanke dienspligtiges); 250 Olifant-1A- en -1B-tenks; 1 200 Eland-60- en -90-pantserkarre; 100 Rooikat-pantserkarre; 1 500 Ratel-20-, -60- en -90-infanteriegevegsvoertuie; 1 500 Buffel- en

⁴ Wessels, pp. 276-7.

⁵ Die bronne waarna in hierdie artikel, asook in die opvolgartikel, verwys word, is almal vryelik beskikbaar. Die bronne verskil egter soms ten opsigte van statistiek. Deurgaans word gepoog om die mees gesaghebbende bronne aan te haal, byvoorbeeld die International Institute for Strategic Studies (Londen) se **The military balance** (verskeie uitgawes). Kyk ook webwerwe soos die SANW se amptelike webwerf, <www.mil.za>, en ander webwerwe soos <www.navy.mil.za>, <navy.org.za> en <www.saairforce.co.za>. Kyk verder ook die jaarverslae van die Departement van Verdediging, asook publikasies soos die **South African defence industry directory 2004-2005** (Centurion, s.a.).

Casspir-troepedraers; 160 Mamba-troepedraers; 350 artilleriestukke (insluitende 30 G1 25pdr/88 mm, 75 G-2 5,5 duim/140 mm, 75 G-5 155 mm); 20 G-6 selfaangedrewe 155 mm-kanonne; 120 Bataleur 40-buis 127 mm meervoudige vuurpyllanseerders (MVLs); 60 Valkiri 24-buis 127 mm MVL's; 4000 81 mm mortierwerpers; 120+ 120 mm mortierwerpers; 'n ongespesifiseerde aantal teenpantser-missielanseerders (ZT-3 Swift en Milan); 'n ongespesifiseerde aantal vuurpyllanseerders (FT-5); 'n ongespesifiseerde aantal terugslaglose kanonne (M-40A1); 600(?) lugafweerkannone (insluitende 150(?) GDF-002 dubbelloop 35 mm, 18 ZU-23-2 Zumlac selfaangedrewe 23 mm, plus 20 mm GAI, Ystervark selfaangedrewe 20 mm, en 40 mm); en 'n ongespesifiseerde aantal SA-7 en SA-14 lugafweer-missielstelsels.⁶

- **Die Suid-Afrikaanse Lugmag (SALM)** het ongeveer 10 000 personeellede gehad (feitlik almal blank, insluitende 3000 dienspligtiges en 400 vroue); 29 Mirage F-1AZ's, 14 Mirage F-1CZ's, 12 Cheetah E's, 14 Cheetah D's, 75 Impala Mk.II's, 115 Impala Mk.I's, 130 T-6G Harvards, 12(?) Cessna 185'e, vier Boeing 707-320's, sewe C-130B's, een C-235M, 39 C-47 Dakotas, vier C-212's, een Falcon 900A, drie HS-125-400B's, twee Falcon 50's, twee Super King Air 200's, twee Cessna Citation II's, drie BN-2's, 13 Cessna 208 Caravans, een IAI-1124, twee Skyvans, een Cessna 152, 63 Oryx-helikopters, 63 Alouette III-helikopters, tien BK-117-helikopters, een SA-365N1-helikopter, en 20 Cactus lugafweer-missielstelsels.⁷ Die SALM het dus oor 'n totaal van sowat 623 vliegtuie en helikopters van 26 tipes beskik.
- **Die Suid-Afrikaanse Vloot (SAV)** het ongeveer 4500 personeellede gehad (insluitende 'n aantal bruin en Asër-matrose; 900 blanke dienspligtiges en 300 vroue); drie "Daphné"-klas duikbote, nege missieldraende aanvalsvaartuie, vier "Rivier"-klas mynjagters, vier "Ton"-klas mynveërs, twee gevegsteunvaartuie, een hidrografiese opnameskip, een torpedo-herwinnings- en duikerondersteuningsvaartuig, twee klein lug-see-reddingsvaartuie, 28 klein hawe-beskermingsbote en drie sleepbote. Die Vloot het dus 24 noemenswaardige skepe plus 'n hele aantal kleiner vaartuie gehad.⁸

⁶ **The military balance 1993-1994** (Londen, 1993), pp. 217-8. Kyk ook H-R Heitman, **South African arms and armour: a concise guide to armaments of the South African Army, Navy and Air Force** (Kaapstad, 1988), pp. 41-144.

⁷ **The military balance 1993-1994**, pp. 218-9. Kyk ook Heitman, pp. 145-78; H Potgieter en W Steenkamp, **Aircraft of the South African Air Force** (Kaapstad, 1981), p. 36 **et seq.** en H Potgieter **et al.**, **More than game: a salute to the South African Air Force** (Morningside, 1995), p. 18 **et seq.**

⁸ **The military balance 1993-1994**, p. 218. Kyk ook Heitman, pp. 179-89 en **Jane's fighting ships 1993-94** (Londen, 1994), pp. 614-7.

Verder het die **Geneeskundige Diens** oor sowat 6000 blanke lede beskik (insluitende 2500 dienspligtiges en 1500 vroue). Die SANW het dus in totaal sowat 67 500 aktiewe lede gehad, plus sowat 360 000 Burgermag (reserwe)-lede en 140 000 kommandoede.⁹

In die periode April 1989 (beëindiging van die gewapende konflik in Namibië) tot April 1994 (geboorte van die nuwe RSA en die SANW) het die ou SAW egter reeds 'n dramatiese (en traumatiese) rasionalisasieproses ondergaan. In die nadraai van die duur betrokkenheid van die SAW in Namibië (voorheen in die RSA bekend as Suidwes-Afrika) en later ook in Angola (1966-89), het die Nasionale Party-regering dit nodig geag om die verdedigingsbegroting in te kort, met die gevolglike noodsaaklike afskaling, sowel wat personeel as toerusting betref. In 1989 het die SA Leër byvoorbeeld nog oor ongeveer 77 500 soldate beskik (insluitende 12 000 blanke en 5400 swart en bruin staandemaglede, en 58 500 blanke dienspligtiges); 250 Olifant-1A- en -1B-tenks; 1200 Eland-60- en -90-panterkarre; 1500 Ratel-20-, -60- en -90-infanteriegevegsvoertuie; 1500 Buffel-, Casspir-, Bulldog-, Hippo-, Rhino-, Hyena- en Lynx-troepdraers; 145 artilleriesukke (insluitende 30 G-1 25pdr/88 mm, 75 G-2 5,5 duim/140 mm, 40 G-5 155 mm); tien G6 selfaangedrewe 155 mm kanonne; 120 Valkiri 24-buis 127 mm MVLs; 4 000 81 mm mortierwerpers; 120 120 mm mortierwerpers; 120 ENTAC-tenkafweermissielstelsels; meer as 100 lugafweerkononne (insluitende 55 GDF-002 dubbelloop 35 mm, plus 'n aantal ZU-23-2 Zumlac selfaangedrewe 23 mm, plus GAI Ystervark selfaangedrewe 20 mm, en 40 mm); 20 Cactus- en 54 Tigercat-lugafweermissielstelsels.¹⁰

In 1989 het die SALM oor 11 000 personeel beskik met 'n totaal van 317 gevegs-vliegtuie (43 Mirage F1's, 50 Cheetahs/Mirage III's, vyf Buccaneers, sewe Canberras, 92 Impala Mk.II's, 120 Impala Mk.I's); 130 T-6G Harvards, 34 AM-3C Bosbokke, 20+ C4M Kudu's, 20 Cessna 185'e, 19 Albatrosse, vier Boeing 707-320's, sewe C130B's, nege C160's, vier Skymasters, 39 C47 Dakotas, vier HS-125-400B's, twee Falcon 50's, een Cessna Citation II, een Viscount, agt Wasp-helikopters, 95 Puma/Oryx-helikopters, 14 Super Frelon-helikopters en 70 Alouette III-helikopters.¹¹ In 1989 het die SALM dus oor ten minste 798 vliegtuie en helikopters van 24 tipes beskik. In die periode 1989-94 is egter van die Viscount, al die oorblywende Buccaneer- en Canberra-spuitsvliegtuie, Albatros maritieme verkenningsvliegtuie, Skymaster- en C-160 transportvliegtuie, Bosbokke, Kudu's en die Wasp- en Super Frelon-helikopters ontslae geraak en is talle lugmageskaders gevolglik ook gesluit.

⁹ **The military balance 1993-1994**, pp. 217-8.

¹⁰ **The military balance 1989-1990** (Londen, 1989), p. 139.

¹¹ **Ibid.**, pp. 139-40.

Aangesien die SAV reeds in die loop van die tagtigerjare van die vorige eeu dramaties gerasionaliseer is, het die rasionalisasie van die jare 1989-94 hulle die minste skade berokken. Die SAV het in April 1989 ook reeds oor slegs 24 noemenswaardige skepe beskik, naamlik drie duikbote, nege missieldraende aanvalsvaartuie, vier mynjagters, vier mynveërs en twee gevegsteunskepe - met al die ander skepe en kleiner vaartuie ook presies dieselfde as in April 1994 (behalwe dat die gevegsteunskip SAS **Tafelberg** in 1993 deur die nuwe gevegsteunskip SAS **Outeniqua** vervang is). Die personeelsterkte in 1989 was 6500, wat toe reeds 'n aantal bruin en Asiër-persone ingesluit het, asook 1500 dienspligtiges en 300 vroue.¹² Let egter daarop dat die drastiese rasionalisasieproses waaraan die SAV in die loop van die tagtigerjare onderwerp is, tot die vervroegde uit-diensplasing van onder meer twee fregatte, ses patrolliebote, twee mynveërs en twee mynjagters gelei het.¹³

In 1989 het die **Geneeskundige Diens** oor 8000 lede beskik, sodat die totale sterkte van die SAW in 1989 dus op 103 000 aktiewe lede (insluitende 64 000 dienspligtiges) te staan gekom het. Verder was daar 425 000 reserwes, insluitende ongeveer 140 000 kommandoede.¹⁴

Tien jaar na die totstandkoming van die nuwe SANW, beskik dié weermag in 2004 oor die volgende (nadat die statistiek vir 2004 verskaf word, word so ver as moontlik deurgaans tussen hakies eers die dienooreenkomstige statistiek vir 1989 en daarna ook vir 1994 gegee, waar wel van toepassing):

- **SA Leër:** Ongeveer 36 000 personeel (77 500; 47 000); 168 Olifant-1A- en -1B-tenks, waarvan 125 gestoor word (250; 250); 242 Rooikat-pantserkarre, waarvan 94 gestoor word (1 200 ander tipe; 1200 ander tipe en 100 Rooikat); 1200 Rate-20-, -60- en -90-infanteriegevegsvoertuie, waarvan 666 gestoor word (1 500; 1500); 429 Casspir- en 500 Mamba-troepedraers (1 500 van verskillende tipes; 1660 van verskillende tipes); 51 G-2 5,5 duim/140 mm kanonne, almal gestoor (75; 75); 72 G-5 155 mm kanonne, waarvan 51 gestoor word (75; 75); 43 G-6 155 mm selfaangedrewe kanonne, waarvan 31 gestoor word (tien; 20); 25 Bataleur MVL's, waarvan vier gestoor word (geen; 120); 26 Valkiri MVL's, almal gestoor (120; 60); 1 190 81 mm mortierwerpers (4 000; 4 000); 36 120 mm mortierwerpers (120; 120+); 52 ZT-3 Swift teenpantser-missielanseerders (120 ENTAC; ongespesifiseerde aantal); 'n ongespesifiseerde aantal 92 mm FT-5 vuurpyllanseerders (ongespesifiseerd;

¹² **Ibid.**, p. 139; **Jane's fighting ships 1988-89** (Londen, 1989), pp. 461-4.

¹³ **Jane's fighting ships 1986-87** (Londen, 1986), p. 450; **Jane's fighting ships 1988-89**, p. 461; A du Toit, **South Africa's fighting ships past and present** (Rivonia, 1992), pp. 207, 210, 216, 218-9, 234, 237, 239.

¹⁴ **The military balance 1989-1990**, p. 139.

ongespesifiseerd); 100 106 mm M-40A1 terugslaglose kanonne (100; 100); 36 ZU-23-2 Zumlac selfaangedrewe lugafweer(LA)-kanonne (aantal; 18); 40 35 mm GDF-002 LA-kanonne (55, plus ongeveer 100 ander kanonne; 150(?), plus sowat 450(?) ander kanonne).¹⁵

- **SALM:** Ongeveer 9250 personelede (11 000; 10 000); 37 Cheetah C's en D's (93 Mirages van verskillende tipes, plus vyf Buccaneers en sewe Canberras; 69 Cheetahs en Mirage F1's); 26 Impala Mk.II's (92; 75); 20 Impala Mk.I's (120; 115); 56 PC-7's (130 Harvards; 130 Harvards); vyf Boeing 707-320's (vier; vier); een Boeing Business Jet (een Viscount; geen); twaalf C-130's (sewe, plus nege C-160's; sewe); 11 C-47TP's (39, plus vier Skymasters; 39); een CASA235 (geen; een); vier CASA212's (geen; vier); een Falcon 900 (geen; een); twee Falcon 50's (twee; twee); twee Citation II's (een; twee); drie Super King Air 200's (geen; twee); een King Air 300 (geen; een); 13 Cessna 208 Caravans (13; 13); een PC-12 (geen; geen); elf Cessna 185'e (20; 12); 12 Rooivalk-aanvalshelikopters (geen; geen); 44 Oryx-helikopters (95; 63); tien BK-117-helikopters (geen; tien); 24 Alouette III-helikopters (70; 63); drie Seeker onbemande vliegtuie (geen; geen)¹⁶ - behalwe vir vyf C-47TP's wat vir maritieme patrolleringswerk gebruik kan word, geen ander sodanige vliegtuie nie (19; geen); ook geen Super Frelon-helikopters (14; geen) of Wasp-helikopters (agt; geen) nie; geen operasionele lugafweer-missielstelsels nie (74; 20). Die SALM het dus teen April 2004 oor ongeveer 244 vliegtuie en helikopters van 23 tipes beskik, teenoor 798 (24 tipes) in 1989 en 623 (26 tipes) in 1994. In terme van die wapenpakket waarvoor in die laat neëntigerjare beding is (kyk onderafdeling 7 van die opvolgartikel vir meer besonderhede) gaan die SALM se oorblywende Cheetah-gevegsvliegtuie in 2006-12 met 28 Gripen-vliegtuie vervang word, die oorblywende Impala Mk.I's en II's in 2005-6 met 24 Hawk gevorderde opleidingsvliegtuie, die oorblywende Alouette III-helikopters vanaf 2005 met 30 Agusta A109-helikopters, terwyl vier Agusta-Westland Super Lynx 300 duikbootjag-helikopters in 2007 in diens gestel sal word.¹⁷
- **SAV:** Ongeveer 4500 uniformpersoneel (6 500; 4500), plus ongeveer 2000 burgerlike personeel; geen duikbote nie, aangesien opleiding tans geskied vir die drie nuwe duikbote wat in 2005-7 in diens gestel gaan word (drie; drie); vyf missieldraende aanvalsvaartuie (nege; nege); vier mynjagters (vier; vier);

¹⁵ **The military balance 2003-2004** (Londen, 2003), p. 223.

¹⁶ **Ibid.**, pp. 223-4; Potgieter **et al.**, pp. 72-7, 120-3.

¹⁷ Kyk bv. **Salvo: Armscor's corporate journal** 1, 2004, pp. 5-8; **Beeld**, 19 November 1998, p. 1.

een mynveër¹⁸ (vier; vier); twee gevegsteunvaartuie¹⁹ (twee; twee); een hidrografiese opmetingskip (een; een); geen torpedo-herwinnings/duikerondersteuningsvaartuig nie (een; een); drie klein lug-see-reddingsvaartuie (twee; twee); 26 klein hawebeskermingsbote (28; 28); en drie sleepbote (drie; drie).²⁰ Teen April 2004 het twee van die Vloot se vier nuwe "patrollie-korvette" (fregatte) reeds in Simonstad aangekom, met die ander twee wat in die loop van 2004 aangekom het. Die wapenstelsels en gepaardgaande beheerstelsels word in Simonstad gemonteer en die skepe sal in 2005-6 as ten volle operasionele eenhede van die Vloot in diens gestel word.²¹ Teenoor 24 noemenswaardige Vlootvaartuie in 1989 en ook in 1994, het die Vloot tans (2004) slegs 13 noemenswaardige vaartuie, maar die feit dat drie nuwe duikbote en vier fregatte binne die volgende drie jaar in diens sal wees (hoewel nie almal op een slag nie), sal die slaankrag van die SAV aansienlik verhoog.

Die **Suid-Afrikaanse Militêre Gesondheidsdiens (SAMG)** - soos die Geneeskundige Diens sedert 1 Junie 1998 bekend staan - beskik in April 2004 oor ongeveer 6000 personeellede (8 000; 6000). In totaal het die SANW dus in April 2004 ongeveer 55 750 aktiewe uniformpersoneel (103 000; 67 500) gehad. Van die SANW se aktiewe uniformpersoneel in 2004 is ongeveer 38 000 swart, 12 000 wit, 4 500 bruin en 500 Asiërs. Die SANW het in 2004 ongeveer 70 000 reserwes (665 000; 500 000), waarvan sowat 68 000 aan die SA Leër (insluitende 55 000 in 183 kommando-eenhede), 1000 aan die SAV, 500 aan die SALM en 500 aan die SAMG verbonde is.²²

¹⁸ In 2000 het die SAV ses tweedehandse Tipe 351-mynsteenmaatreëlvaartuie van die "Lindau"-klas van Duitsland aangekoop. Hierdie vaartuie is in Duitse diens aanvanklik as mynveërs en later as "Troika"-bevelskepe gebruik. Die skepe het hul mynveegvermoë behou, maar word in SAV-diens bloot vir opleiding en patrolling gebruik, hoewel hulle M-wimpelnommers ontvang het. Slegs twee van die skepe is in diens gestel en een van hulle is na verloop van slegs sowat 'n jaar weer uit diens geplaas en is tans (2004) in reserwe, tesame met twee ander; die laaste twee word vir onderdele gebruik. Kyk bv. *Navy News* 20(2), 2001, pp. 14-9 en 20(5), 2001, pp. 20-1 en *Jane's fighting ships 2003-2004* (Londen, 2004), p. 635.

¹⁹ Op 30 Julie 2004 is een van hierdie gevegsteunvaartuie, SAS **Outeniqua** (hysbrekeren die SAV se grootste skip), na verloop van slegs elf jaar in diens van die SAV, aan diens onttrek ten einde personeel los te maak vir diens aan boord van die SAV se nuwe "patrollie-korvette" (fregatte) wat vanaf 2005 volledig bewapen in diens gestel gaan word.

²⁰ **The military balance 2003-2004**, p. 223; *Jane's fighting ships 2003-2004*, pp. 643-7. Intussen het die getal hawebeskermingsbote na 24 verminder nadat twee van die vaartuie in September 2004 aan Mosambiek geskenk is.

²¹ Kyk bv. *Navy News* 22(6), 2003, pp. 15-23 en 23(2), 2004, pp. 2, 17-27.

²² **The military balance 2003-2004**, p. 223.

3. DIE OMVATTENDE PROSES VAN TRANSFORMASIE

Aanvanklik is beoog om 'n lys van suksesse en mislukkings in die SANW se eerste bestaansdekade (1994-2004) saam te stel en in twee afsonderlike onderafdelings in hierdie studie te bespreek. Uit 'n kritiese ontleding van die geskiedenis van die SANW, het dit egter gou geblyk dat die uitdagings waarvoor die SANW in die eerste tien jaar van sy bestaan te staan gekom het, met die daaruit voortvloeiende probleme, suksesse en terugslae (ernstige mislukkings was daar nie werklik nie), nie altyd geredelik van mekaar onderskei kan word nie; trouens, die onderskeie kwessies hang ten nouste met mekaar saam en is soms ineengestrengeel. Gevolglik word in hierdie onderafdeling bloot 'n oorsig van die omvattende proses van transformasie verskaf, waarna in 'n opvolgartikel (die tweede deel van die studie) aan 'n reeks ander uitdagings aandag geskenk sal word. Hou verder in gedagte dat wat nou volg slegs 'n samevattende oorsig van 'n aantal uitstaande kwessies in verband met die transformasieproses is, in die hoop dat dit 'n debat sal stimuleer - daar word ook geensins op volledigheid aanspraak gemaak nie.

3.1 Die integrasieproses

Die integrasieproses dui op die amalgamering van die sewe weermagte (waarna reeds in die tweede paragraaf van die inleiding, in onderafdeling 1 hierbo, verwys is); in sommige gevalle weermagte wat jare lank as vyande teenoor mekaar gestaan het en in gewapende botsings betrokke was (kyk in besonder die SAW en MK). Die besonderhede van die integrasieproses en al die probleme wat daarmee ondervind is, sal boekdele vul en word nie in hierdie studie in detail ontleed nie.²³ 'n Volgende logiese stap na afloop van (hoewel in 'n mate ook deel van) die integrasieproses, was sogenaamde "regstellende aksie"²⁴ (kyk 3.2, **infra**, vir meer besonderhede). Sám vorm die integrasieproses en proses van "regstellende aksie" weer op hul beurt deel van die breë en omvattende transformasieproses (kyk ook 3.3, **infra**) waaraan die SANW onderwerp is en steeds onderworpe is.

²³ Kyk bv. veral P Frankel, **Soldiers in a storm: the armed forces in South Africa's democratic transition** (Boulder, 2000), **passim** en verder ook onder meer R Williams, "Integration or absorption? The creation of the South African National Defence Force, 1993 to 1999", **African Security Review** 11(2), 2002, pp. 17-25.

²⁴ Kyk bv. P Zwane, "Challenges facing the SANDF: from integration to affirmative action", **African Security Review** 4(1), 1995, pp. 31-7.

Toe die nuwe SANW op 27 April 1994 tot stand gekom het, was dit net op papier 'n geïntegreerde weermag: die praktiese integrasie- of amalgamasieproses het eers toe in alle erns begin en sou etlike jare duur.²⁵ Sonder probleme kan só 'n proses uiteraard nie geskied nie. So byvoorbeeld was daar groot verskille tussen die opleiding en militêre kultuur van die MK- en APLA-lede en die lede van die ou SAW en TBVC-lande se weermagte. Die feit dat die proses tog relatief gesproke vinnig en suksesvol verloop het, moet onder meer aan die rol van die Britse militêre adviesspan (British Military Advisory and Training Team, BMATT) toegeskryf word. Desondanks was daar onreëlmatighede wat betref kwalifikasiesertifikate sodat sommige persone op onreëlmatige wyse in bepaalde offisersposte aangestel is. Die gevolg is onder meer onbekwaamheid in sekere poste, wat weer tot die verlaging van standaarde, dissiplinêre en ander probleme kan aanleiding gee. Dit sal dus waarskynlik 'n generasie of meer duur vir die proses om uiteindelik suksesvol af te loop; met ander woorde, wanneer alle offisiere eers weer op meriete en meriete alleen bevorder en in bepaalde poste aangestel word.²⁶ Intussen worstel die SANW ook met 'n ander tipiese post-1994 probleem, naamlik die ouderdomskwessie. Aangesien baie van die soldate van die nie-statutêre magte wat in die SANW geïntegreer is, relatief oud was, was die gemiddelde ouderdom van die laagste range in 2003 in die SANW 32 jaar, terwyl dit in die meeste ander weermagte slegs ongeveer 22 jaar is. Aan die begin van 2004 was slegs 8% van die SANW-lede in die laagste rangvlak in die ideale ouderdomsgroep van 18 tot 24 jaar - 20 weermagte was selfs 56 tot 59 jaar oud!²⁷ Personeelrasionalisasie sal dié probleem hopelik grootliks uitskakel.

3.2 Regstellende aksie

Die integrasieproses se volgende logiese stap (waarna by implikasie ook reeds in die vorige paragraaf verwys is), was (en is) sogenaamde regstellende aksie - iets wat op sy beurt weer gevolge inhou vir onder meer standaarde en dissipline (temas wat in die tweede deel van die studie aan die orde sal kom). In die lig van die feit dat vir etlike dekades nadat die Unie-Verdedigingsmagte (UVM) in 1912 gestig is (sedert 1957 as die SAW bekend), swart, bruin en Asiër persone nie toegelaat is om lid te word nie - behalwe toe wêreldoorloë ook Suid-Afrika se toekoms op die spel

²⁵ Kyk bv. "Integration: 1 year later", *Salut* 2(6), Junie 1995, pp. 35, 37-48; R Brownlee en I Liebenberg, "Reflections on the integration of the military in South Africa", *African Security Review* 4(2), 1995, pp. 26-31; "Problems of guerrilla integration process", *Southern Africa Report* 16(8), 27 Februarie 1998, p. 4.

²⁶ E Gibson, "Weermag het nog probleme met integrasie: sal eers na 'n generasie offisiere opgelos word", *Die Volksblad*, 18 Desember 2002, p. 7.

²⁷ J Kane-Berman (hoofred.), *South Africa survey 2002/2003* (Johannesburg, 2003), p. 461; *Die Volksblad*, 11 Februarie 2004, p. 3.

geplaas het²⁸ - was daar inderdaad teen die neëntigerjare van die vorige eeu heelwat foute om reg te stel. Dit behoort egter die doel van regstellende aksie te wees om nie alleen foute te herstel nie, maar om ook alles in werking te stel om nie in dié proses nuwe foute te maak nie. Mnr. Mosiuoa Lekota, sedert 17 Junie 1999 Minister van Verdediging, het dit dan ook teen die einde van 1999 duidelik gestel dat hoewel die SANW so gou as moontlik verteenwoordigend van die hele Suid-Afrikaanse bevolking moet wees, dit nie ten koste van bestaande blanke lede moet geskied nie; trouens, hy het dit duidelik gestel dat die SANW nie sonder die kundigheid van blanke offisiere (wat oor baie jare opgebou is) kan klaarkom nie.²⁹ Hy het bygevoeg dat MK- en APLA-vryheidsvegters eers die nodige ondervinding sal moet opdoen alvorens hulle in senior leiersposisies aangestel sal kan word. MK se Military Veterans' Organisation het die minister se standpunte ondersteun.³⁰

Intussen het die SANW bekend gemaak dat, in ooreenstemming met regeringsbeleid, die Weermag so gou as moontlik uit 64,68% swart, 24,35% wit, 10,22% bruin en 0,75% Asiatiese lede moet bestaan. Van die 61 523 uniformpersoneel in die SANW in 2001, was 62,1% swart, 26,2% wit, 10,3% bruin en 1,4% Asiër. Van die 9221 offisiere was 5667 (61,5%) steeds wit, maar van die 19 551 gewone soldate ("privates") / matrose was slegs 504 (2,6%) wit. Teen Maart 2003 het die SANW uit ongeveer 64% swart, 25% wit, 10% bruin en 1% Asiatiese lede bestaan.³¹

Dat daar politieke druk bestaan om die SANW meer verteenwoordigend van die hele Suid-Afrikaanse bevolking te maak, kan nie betwyfel word nie - en sodanige druk is ook te verstane. Die moeilike vraag (en deels onoorkomelike probleem) is hoe om aan die eis van verteenwoordiging te voldoen sonder om, ten minste in die kort termyn, standarde te verlaag, dissipline te ondermyn, moreel te laat daal en die slagvaardigheid van die Weermag te benadeel. Uit die statistiek wat in die vorige paragraaf en in onderafdeling 2, **supra**, aangehaal word, is dit duidelik dat die SANW inderdaad reeds ver gevorder het wat betref die eis om verteenwoordiging van alle rasse.

²⁸ Vir die rol van "nie-blanke" Suid-Afrikaners tydens die Eerste Wêreldoorlog (1914-8), kyk bv. AM Grundlingh, **Die Suid-Afrikaanse gekleurdes in die Eerste Wêreldoorlog** (D Litt. et Phil., Universiteit van Suid-Afrika, 1981) en vir hul rol tydens die Tweede Wêreldoorlog (1939-45), kyk bv. LWF Grundlingh, **The participation of South African blacks in the Second World War** (D.Litt. et Phil., Randse Afrikaanse Universiteit, 1986).

²⁹ **Die Volksblad**, 18 Desember 1999, p. 7.

³⁰ **Ibid.**, 20 Desember 1999, p. 1 en 21 Desember 1999, p. 2.

³¹ Kane-Berman (hoofred.), p. 456; **South African Department of Defence 2002/3: annual report (s.l., s.a.)**, pp. 23, 52.

Ongelukkig is daar ook diegene in politieke en militêre kringe wat "geloofwaardigheid voor kundigheid" as riglyn aanvaar. Gevolglik het dit ook al gebeur dat blankes sonder vooraf waarskuwing deur swart persone vervang is - iets wat indruis teen die gees van die positiewe integrasieproses en van positiewe transformasie. Geloofwaardigheid **en** kundigheid behoort eerder die wagwoord te wees.³² Die Weermag kan dit nie bekostig dat goedgekwalifiseerde lede gefrustreerd raak nie.

3.3 Transformasie

Die integrasieproses (3.1, **supra**) en daaruit voortvloeiende "regstellende aksie" (3.2, **supra**) vorm deel van die omvattende transformasieproses waaraan die SANW sedert 1994 onderwerp word; iets wat tien jaar later steeds nie afgeloop het nie. Soos "regstellende aksie" kan ook die transformasieproses - indien dit nie reg bestuur en deurgevoer word nie - negatiewe implikasies vir standarde en dissipline inhou; dit kan die SANW selfs die slagoffer van rassisme maak (temas wat in die tweede deel van die studie aan die orde gestel word).

Vir die SA(N)W is die proses van transformasie nie vreemd nie. Die UVM was nog in sy kinderskoene toe die Eerste Wêreldoorlog in 1914 uitbreek het, maar is nogtans gou in 'n gedugte oorlogsmasjien getransformeer wat in die onderdrukking van die rebellie in Suid-Afrika,³³ in die stryd in Duits-Suidwes-Afrika³⁴ (vandag Namibië), Duits-Oos-Afrika³⁵ (Tanzanië), in die Midde-Ooste en aan die Wesfront in Frankryk³⁶ 'n belangrike bydrae tot die Geallieerdes se oorlogspoging gelewer het. Na afloop van die oorlog is die UVM tot so 'n mate afgeskaal dat dit op die vooraand van die Tweede Wêreldoorlog nie in staat was om die Unie van Suid-Afrika te kon verdedig nie, wat nog te sê oorsee ontplooi te word teen die Spilmoonhede. Onder die inspirerende leierskap van genl. JC Smuts is die UVM eger gou in 'n gedugte gevegsmasjien omskep³⁷ wat weldra in Abessinië³⁸

³² **Die Volksblad**, 23 Januarie 2004, pp. 2, 6.

³³ Vir meer besonderhede in verband met die rebellie van 1914-5, kyk bv. GD Scholtz, **Die rebellie 1914-15** (Johannesburg, 1942); Unie van Suid-Afrika, **Report on the outbreak of the rebellion and the policy of the government with regard to its suppression** (UG10-15, Pretoria, 1915) en Unie van Suid-Afrika, **Report of the select committee on the rebellion** (SC1-15, Kaapstad, 1915).

³⁴ Kyk bv. JJ Collyer, **Die veldtog in Duits Suidwes-Afrika, 1914-1915** (Pretoria, 1939).

³⁵ Kyk bv. JJ Collyer, **Die Suid-Afrikaners met generaal Smuts in Duits Oos-Afrika, 1916** (Pretoria, 1939) en JA Brown, **They fought for king and kaiser: South Africans in German East Africa 1916** (Johannesburg, 1991).

³⁶ Kyk bv. KA Digby, **Pyramids and poppies (the First SA Infantry Brigade in Libya, France and Flanders 1915-1919)** (Johannesburg, 1993) en J Buchan, **The South African forces in France** (Nelson, 1920).

³⁷ Kyk bv. A Wessels, "Die opbou van die Unie-Verdedigingsmagte in die tydperk September 1939 tot September 1941", **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis** 19(3), Desember 1994, pp. 1-22.

³⁸ Kyk bv. N Orpen, **East African and Abyssinian campaigns** (Kaapstad, 1968).

(Ethiopië), Noord-Afrika³⁹ en Italië,⁴⁰ asook in die lug⁴¹ en ter see,⁴² 'n besondere bydrae tot die Geallieerde oorlogspoging gelewer het.

Na afloop van die Tweede Wêreldoorlog is die UVM weer eens afgeskaal - en vanaf 1948 (toe die Nasionale Party, NP, met sy beleid van apartheid aan bewind gekom het) aan 'n proses van verafrikaansing (die NP se "regstellende aksie") onderwerp. Met die uitsondering van beperkte betrokkenheid by die oorlog in Korea (1950-3)⁴³ en sporadiese hulp aan die polisie om onluste binnelands te help onderdruk (byvoorbeeld te Sharpeville en elders in 1960) het die land en dus ook die SAW 'n lang tydperk van vrede beleef. Die SA Leër se ou tenks is met verloop van tyd met nuwe Centurion-tenks (baie later omskep in Olifant-tenks) vervang en 'n groot aantal nuwe Eland-pantserkarre is plaaslik vervaardig;⁴⁴ die SALM het 'n hele aantal nuwe vliegtuie (insluitende Shackletons, Canberras, Buccaneers, Mirages, C-130's, C-160's en Impalas) en helikopters (Wasps, Alouette III's, Pumas en Super Frelons) ontvang,⁴⁵ en die SAV het onder meer nuwe fregatte, kusmyneërs, patrolliebote en later ook duikbote bygekry.⁴⁶ Die SAW was egter in 1975, toe die onafhanklikheidswording van Angola en Mosambiek beteken het dat die RSA voortaan kommunistiesgesinde bure gehad, nie in staat om onmiddellik aan al die nuwe (oorlogs)eise te voldoen nie.

Vanaf 1966 tot 1989 was die SAW in 'n duur en uitgerekte stryd in die noorde van Namibië gewikkel teen SWAPO-vryheidsvegters wat vanaf Angola dié gebied binnegesypel het. Vanaf 1975 tot 1989 was die SAW ook by die burgeroorlog in Angola (wat op onafhanklikheid gevolg het) betrokke - soos ook by die enkele oorgrensoperasies wat in ander buurstate geloods is.⁴⁷ Die SAW se mannekrag en toerusting is vanaf die vyftigerjare, maar veral vanaf die laat sestigerjare geweldig

³⁹ Kyk bv. N Orpen, **War in the desert** (Kaapstad, s.a.).

⁴⁰ Kyk bv. N Orpen, **Victory in Italy** (Kaapstad, 1975) en J Kros, **War in Italy: with the South Africans from Taranto to the Alps** (Rivonia, 1992).

⁴¹ Kyk bv. JA Brown, **A gathering of eagles: the campaigns of the South African Air Force in Italian East Africa June 1940-November 1941, with an introduction 1912-1939** (Kaapstad, 1970); JA Brown, **Eagles strike: the campaigns of the South African Air Force in Egypt, Cyrenaica, Libya, Tunisia, Tripolitania and Madagascar 1941-1943** (Kaapstad, 1974) en HJ Martin en ND Orpen, **Eagles victorious: the South African forces over the Mediterranean and Europe, in Italy, the Balkans and the Aegean, and from Gibraltar and West Africa** (Kaapstad, 1977).

⁴² Kyk bv. LCF Turner et al., **War in the southern oceans 1939-1945** (Kaapstad, 1961) en CJ Harris, **War at sea: South African maritime operations during World War II** (Rivonia, 1991).

⁴³ Kyk bv. DM Moore en P Bagshawe, **South Africa's Flying Cheetahs in Korea** (Rivonia, 1991).

⁴⁴ Kyk bv. Heitman, pp. 42-6.

⁴⁵ Kyk bv. Potgieter en Steenkamp, pp. 34, 36, 44-5, 52-3, 64-5, 70-1, 90-1, 96-7, 102-3, 112-3, 118-9, 124-5, 132-3.

⁴⁶ Kyk bv. Du Toit, pp. 206-39, 267-77.

⁴⁷ Kyk bv. W Steenkamp, **South Africa's border war, 1966-1989** (Johannesburg, 1989) en FJ du T Spies, **Operasie Savanna: Angola 1975-1976** (Pretoria, 1989).

uitgebrei - en hoewel die meeste lande ter wêreld nie die NP se beleid ondersteun het nie, is die SAW se vermoëns en militêre prestasies met ontsag en respek bejeën. Soos reeds in onderafdeling 2 hierbo aangedui is, is die SAW in die jare 1990 tot 1994 aan 'n omvattende rasionalisasieproses (dus weer eens 'n vorm van transformasie) onderwerp, wat onder meer ook die algehele afskaffing van nasionale diensplig ingesluit het. Met die totstandkoming van die nuwe SANW in 1994 en die regeringsverandering wat in dieselfde jaar plaasgevind het, het bloot nóg 'n transformasiefase in die geskiedenis van die SA(N)W afgeskop,⁴⁸ waarvan die integrasieproses en regstellende aksieproses (waarna in 3.1 en 3.2 hierbo verwys is) aanvanklik die belangrikste komponente was. Die nuwe transformasieproses word ook gekenmerk deur onder meer die betrokkenheid van vakbonde (ongehoord in die SAW-era), veel meer vroue in uniform,⁴⁹ 'n groeiende betrokkenheid by vredesmagoperasies, baie interne groeipyne - en, helaas (en ironies genoeg), waarskynlik nie veel aansien in die buiteland nie. Die geleidelike infasering van nuwe toerusting vanaf 2005 sal egter hopelik 'n bydrae lewer om die slaankrag en aansien van die SANW te verhoog. Hoewel 'n nuwe geslag (hoofsaaklik swart) professionele offisiere hopelik oor ongeveer tien jaar 'n positiewe leidende rol in 'n volwaardig-getransformeerde SANW sal speel, kan intussen net gehoop word dat die SANW nie in die loop van die volgende dekade by 'n groot konflik betrokke sal hoef te raak nie.

Terwyl die vervanging van die ou SAW-rang- en ander -kentekens en vlae deur nuut-ontwerpte rang- en ander -kentekens en vlae in 2003⁵⁰ veral simbolies van groot betekenis was, was die aanstel van nuwe bevelvoerders in die plek van SAW-bevelvoerders, in besonder in die pos van Hoof van die SANW, van simboliese maar ook van veel groter belang. Vanaf Julie 1998 was lt.-genl. Gilbert Ramano die Hoof van die SA Leër in die plek van lt.-genl. Reg Otto,⁵¹ en reeds vanaf 1 Desember 1997 was lt.-genl. Davidson Themba Masuku die Geneeskundige

⁴⁸ Kyk bv. J Cilliers (red.), **Continuity in change: the SA Army in transition** (Pretoria, 1998), **passim**; G Kynoch, "The 'transformation' of the South African military", **The Journal of Modern African Studies** 34(3), 1996, pp. 441-57; F Uys, "The SANDF transformation process", **African Security Review** 6(1), 1997, pp. 58-63; L Heinecken, "The challenges of transformation: SANDF officers' attitudes towards integration, affirmative action, women in combat and language usage", **Scientiae Militaria** 28(2), 1998, pp. 220-35; J Winkates, "The transformation of the South African National Defence Force", **Armed Forces & Society** 26(3), 2000, pp. 451-72.

⁴⁹ Kyk bv. L Heinecken, "Securing South Africa's future: putting women in the frontline", **Stratiese Oorsig vir Suid-Afrika** 22(2), 2000, pp. 76-102.

⁵⁰ Kyk bv. L Engelbrecht, "SA Air Force to change stripes as part of its transformation", **African Armed Forces Journal**, Mei 2001, p. 26; JJ Jacobs, "New rank insignia for our National Defence Force", **SA Soldier** 9(8), Augustus 2002, pp. 21-8; C van Wijk, "The new SANDF rank insignia: a missed opportunity for creating a common identity", **African Security Review** 12(3), 2003, pp. 105-8.

⁵¹ **Die Volksblad**, 7 April 1998, p. 1.

Dienste se nuwe Geneesheer-Generaal in die plek van lt.-genl. Niel Knobel.⁵² Die twee ander weermagsdele het egter, toe hulle nuwe hoofde ontvang, blanke offisiere behou: lt.-genl. Roelf Beukes (wat op 1 Maart 2000 vir lt.-genl. Willem Hechter as Hoof van die SALM opgevolg het)⁵³ en vise-adm. Johan Retief (wat op 31 Oktober 2000 vir vise-adm. Robert Simpson-Anderson as hoof van die SAV opgevolg het).⁵⁴

Die bevelsoordrag wat die meeste aandag getrek het, was toe genl. Siphwi Nyanda op 1 Junie 1998 vir genl. Georg Meiring as Hoof van die SANW opgevolg het. Meiring het in 1990 hoof van die SA Leër geword en in 1993 hoof van die SAW. Nadat hy op 24 Mei 1994 amptelik hoof van die nuwe SANW geword het, het hy by sy mede-senior offisiere daarop aangedring dat die SANW die nuwe politieke bedeling moes ondersteun (en dus ook lojaal aan die ANC-regering moes wees), en hy het geen moeite ontsien nie om te verseker dat die militêre 'n positiewe rol in die breë nasionale transformasieproses sou speel.⁵⁵ Vir die duur van die politieke onderhandelinge (1990-4), en ook in die aanloop tot die 1994 algemene verkiesing, het die SAW inderdaad 'n stabiliserende rol gespeel. In April 1994 kon Meiring, by wyse van spreke, aan die nuwe ANC-regering 'n SANW oorhandig wat uitstekend opgelei en paraat was vir oorlog, maar voortaan bereid was om in nasionale belang (en dus ook vir die nuwe politieke bedeling, asook vir transformasie) vir vrede te veg.

Op 6 April 1998 het Meiring tydens 'n nuuskonferensie aangekondig dat hy pres. Nelson Mandela versoek het om sy dienskontrak op te skort (wat neergekom het op 'n bedanking - die eerste Suid-Afrikaanse weermaghoof wat effektief bedank), 'n versoek waaraan die president onmiddellik voldoen het. Meiring se besluit het voortgespruit uit die verwickelinge rakende die Militêre Inligtingsverslag wat Meiring aan pres. Mandela oorhandig het, waarin beweer is dat daar 'n same-swering van linksgesinde elemente binne die ANC teen die regering was, en die omstredenheid wat op die bekendmaking van die verslag gevolg het. Meiring het gesê dat deur op "vervroegde pensioen" te gaan hy gehoop het om groepsgees en vertroue in die SANW te herstel.⁵⁶ Al het Meiring die SANW onder 'n wolk van omstredenheid verlaat, is hy deur verskeie persone geloof vir die rol wat hy gespeel het om die ou-orde SAW in 'n nuwe SANW te omskep.⁵⁷ Met Meiring se vertrek, is

⁵² **The Mercury**, 12 Maart 1997, p. 2; **Die Volksblad**, 12 Maart 1997, p. 1. Vanaf 1 Augustus 2004 is lt.-genl. Solly Shoke hoof van die SA Leër in die plek van lt.-genl. Ramano. **The Mercury**, 25 Junie 2004, p. 3; **Beeld**, 25 Junie 2004, p. 9.

⁵³ "News archive: 2000", <<http://www.saaiforce.co.za/news00.htm>>, 12 Augustus 2004.

⁵⁴ **Navy News** 19(6), 2000, pp. 2, 20-8.

⁵⁵ Kyk bv. **The Star**, 30 April 1998, p. 1.

⁵⁶ Kyk bv. **Die Volksblad**, 7 April 1998, pp. 1-2; "Commission probes reports of alleged plot", **Southern Africa Report** 16(13), 3 April 1998, pp. 3-4.

⁵⁷ **Die Volksblad**, 20 April 1998, p. 9; **The Mercury**, 30 April 1998, p. 1.

blanke beheer oor die SANW finaal beëindig.⁵⁸ Nyanda, wat op 1 Junie 1998 as Hoof van die SANW oorgeneem het, is die eerste swart Suid-Afrikaner wat die rang van vol generaal beklee. Hy het 'n leidende rol in MK gespeel en was MK se stafhoof (1992-4), voordat hy in Junie 1994 as die SANW se stafhoof aangestel is. Vanaf 1994 was hy ook voorsitter van die integrasiekomitee wat oor die inkorporering van voormalige MK- en ander nie-SAW-lede by die nuwe SANW moes toesig hou.⁵⁹

Intussen is die SANW ook struktureel getransformeer, iets wat onder meer tot die ontbinding van die ou territoriale leërkommandemente gelei het; die daarstel van 'n Leërkantoor, Lugmagkantoor en Vlootkantoor in die plek van die vorige Leër-, Lugmag- en Vloothoofkwartiere; en die herstel van burgerlike beheer oor die SANW, met 'n Sekretaris van Verdediging wat die administratiewe hoof van die Departement van Verdediging (en ook die rekenpligtige beampte van die Weermag) is, terwyl die Hoof van die SANW bevel oor die krygsmag voer.⁶⁰

4. TEN SLOTTE

Die omvattende transformasieproses waaraan die SANW in die jare 1994 tot 2004 onderwerp is, vorm deel van 'n voortdurende proses van verandering wat reeds sedert die begin van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 kenmerkend van Suid-Afrika se gewapende magte is. Met betrekking tot die Weermag se personeelkorps en slagorde, blyk dit duidelik uit wat tot dusver gesê is, dat die ou SAW in die jare 1989 tot 1994 streng gesproke aan 'n ingrypende transformasieproses (rasionalisasieproses) onderwerp is, as wat in die jare 1994 tot 2004 die geval was. Die dramatiese politieke veranderinge van 1994 het egter ook 'n impak op die nuwe SANW gehad. Een van die eerste uitdagings waarvoor die SANW te staan gekom het, was om die ou SAW, die weermagte van die sogenaamde TBVC-lande, die militêre vloeëls van die ANC en die PAC, en selfverdedigingseenhede in KwaZulu-Natal in één nuwe weermag te integreer. Hierdie proses het, relatief gesproke, glad en suksesvol verloop. Dit gebeur immers nie aldag dat lede van voormalige vyandelike militêre eenhede vreedsaam in één nuwe weermag geïntegreer word nie. Die eis om sogenaamde regstellende aksie is 'n voortgaande uitdaging vir die SANW, maar 'n politieke-gelaai en sensitiewe saak wat ook tot dusver met groot omsigtigheid en relatiewe sukses hanteer is.

⁵⁸ Kyk bv. "Meiring's departure from the Defence Force ends white military control and paves the way for transformation", *Southern Africa Report* 16(14), 10 April 1998, pp. 1-3.

⁵⁹ *The Mercury*, 30 April 1998, p. 1; *The Star & SA Times* (Londen), 6 Mei 1998, pp. 4, 9.

⁶⁰ "Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag", *Bylae tot Beeld*, 27 April 1999, pp. 3, 8; *Beeld*, 22 April 2004, p. 18.

Die omvattende transformasieproses waardeur die SANW in die tydperk April 1994 tot April 2004 beweeg het (en wat steeds voortgaan), het uiteraard 'n hele reeks nuwe uitdagings na vore gebring, byvoorbeeld 'n topswaar organisasie, beweringe van rassisme, 'n verskeidenheid dissiplinêre probleme, asook verdere rasionalisasie en 'n diepe besorgdheid in verband met die veroudering van toerusting. Hierdie en ander sake wat belangrik is vir die begrip van die SANW se groeiproses in die eerste dekade van sy bestaan, sal in 'n opvolgartikel ontleed word.⁶¹

⁶¹ Kyk A Wessels, "Die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, 1994-2004(2): 'n dekade van ingrypende uitdagings", **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis** 29(1), Junie 2005.